# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

# OCTOBER / NOVEMBER
## *OKTOBER / NOVEMBER*

# 2004

## BUSINESS ECONOMICS

## *BEDRYFSEKONOMIE*

HG 402-1/0

13 pages
13 *bladsye*

BUSINESS ECONOMICS HG

402 1 0 HG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-ESKAMEN**

**BEDRYFSEKONOMIE HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 400**

---

**INSTRUKSIES**:

- Beantwoord SEWE vrae:
  - AFDELING A: Vraag 1 is VERPLIGTEND.
  - AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
  - AFDELING C: Beantwoord enige VIER vrae uit hierdie afdeling.
- Antwoorde moet genommer word in ooreenstemming met die vraestel.
- Begin elke nuwe vraag op 'n skoon bladsy en laat ten minste een reël oop tussen onderafdelings.
- Beplan die lengte van jou antwoorde volgens die puntetelling.
- Netheid en sistematiese uiteensetting van feite is 'n vereiste.

---

## AFDELING A

### VRAAG 1
### VERPLIGTEND

Dui die korrekte antwoord aan deur 'n kruisie (**X**) oor die toepaslike letter op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek** te trek.

1.1 Grootfontein Beperk se minimum en maksimum aantal ledetal is

A. 2 – 20
B. 1 – 10
C. 7 – onbeperk
D. 1 – 50

1.2 Die samesmelting tussen Nedcor Bank en BoE Bank, is 'n voorbeeld van __________ amalgamasie.

A. horisontale
B. konglomeraat
C. vertikale
D. filiaal

**GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION**

**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION**

**BUSINESS ECONOMICS HG**

**TIME: 3 hours**

**MARKS: 400**

---

**INSTRUCTIONS**:

- Answer SEVEN questions:
  - SECTION A: Question 1 is COMPULSORY.
  - SECTION B: Answer any TWO questions in this section.
  - SECTION C: Answer any FOUR questions in this section.

- Number your answers according to the number system used in this question paper.
- Start each new question on a new page and keep at least one line open between subsections.
- Plan the length of your answers according to the marks allocated.
- Neatness is required and facts must be systematically arranged.

---

## SECTION A

### QUESTION 1
### COMPULSORY

Indicate the correct answer by making a cross (**X**) over the appropriate letter on the **answer sheet** on the **inside cover** of your **answer book.**

1.1 The minimum and maximum number of members of Grootfontein Limited are

A. 2 – 20
B. 1 – 10
C. 7 – unlimited
D. 1 – 50

1.2 The amalgamation between Nedcor Bank and BoE Bank is an example of a _________________ merger.

A. horizontal
B. conglomerate
C. vertical
D. subsidiary

1.3 Watter een van die volgende dokumente vorm deel van Grootfontein Beperk se grondwet/ konstitusie?

A. Sertifikaat van inkorporasie
B. Stigtingsverklaring
C. Samewerkingsooreenkoms
D. Statuut

1.4 Hierdie onderneming mag die publiek uitnooi om aandele in die besigheid te koop.

A. Haaskraal Boerdery (Edms.) Beperk
B. Grootfontein Beperk
C. Unique Produkte BK
D. J & C Bemarkers

1.5 Maria Matemba het aandele gekoop in Grootfontein Beperk. Sy kry jaarliks 'n vasgestelde persentasie dividend, wat in die toekoms aangesuiwer moet word indien daar vir 'n betrokke jaar nie voldoende wins is nie. Na watter soort aandeel word hier verwys?

A. Bonusaandeel
B. Kumulatiewe voorkeuraandeel
C. Gewone aandeel
D. Deelnemende voorkeuraandeel

1.6 Unique Produkte BK verander gereeld die prente/foto's op hul verpakkingsmateriaal om verkope te stimuleer. Prente/Foto's van verskillende sportsterre word gebruik. Hierdie vorm van verpakking verwys na ______________ verpakking.

A. kaleidoskopiese
B. gesamentlike
C. spesialiteits-
D. dubbel gebruiks-

1.7 Hierdie tipe agent spesialiseer in die koop en verkoop van 'n spesifieke produk/ diens en kan gevolglik waardevolle inligting aan die lasgewer verskaf. Die produk/diens word nie in die agent se besit gelaat nie.

A. Kommissie-agent
B. Fabrieksverteenwoordiger
C. Verkoopsagent
D. Makelaar

1.3 Which one of the following documents forms part of the constitution of Grootfontein Limited?

A. Certificate of Incorporation
B. Founding Statement
C. Working Agreement
D. Articles of Association

1.4 This enterprise may invite the public to buy shares in the undertaking.

A. Haaskraal Farming (Pty) Limited
B. Grootfontein Limited
C. Unique Products CC
D. J & C Marketers

1.5 Maria Matemba has bought shares in Grootfontein Limited. She receives a fixed rate of dividend yearly, which must be paid in the future if the profits of the current year are not enough. Which kind of shares does she possess?

A. Bonus shares
B. Cumulative preference shares
C. Ordinary shares
D. Participating preference shares

1.6 Unique Products CC constantly changes the pictures/ photographs on their packaging material to stimulate sales. Pictures/ Photographs of different sport stars are used. This form of packaging is called _____________ packaging.

A. kaleidoscopic
B. combination
C. speciality
D. double use

1.7 This kind of agent specialises in buying and selling a particular commodity/ service and can therefore supply his principal with important information. The commodity/service does not reside with the agent.

A. Commission agent
B. Factory representative
C. Selling agent
D. Broker

1.8 'n Vorm van bemarkingskommunikasie wat deur publieke aanbieding op 'n onpersoonlike wyse aan 'n massa verbruikers gekommunikeer word.

A. Publisiteit
B. Persoonlike verkope
C. Reklame
D. Verkoopspromosie

1.9 Watter een van die volgende verduidelik die begrip **oligopolie**?

A. Slegs een vervaardiger wat die produk verkoop.
B. Daar bestaan geen vraag na die produk nie.
C. 'n Paar verkopers van die produk oorheers die mark.
D. Twee of meer ondernemings smelt saam.

1.10 Grootfontein Beperk se bates is vir R3 miljoen teen die risiko van brandskade by Sumsare Versekeraars verseker. 'n Brand veroorsaak R800 000 se skade. Die Versekeraars se assessor bevind dat die bates op die stadium van die brand, R3,8 miljoen werd was. Vir watter deel van die skade sal Grootfontein Beperk NIE vergoed word nie?

A. R168 421,05
B. R800 000
C. R631 578,95
D. R3 000 000

1.11 Unique Produkte BK het hul bates omvattend verseker by Sumsare Versekeraars. Op watter <u>beginsel</u> berus hierdie versekering?

A. Goeie trou
B. Skadeloosstelling
C. Versekerbare belang
D. Sekuriteitstelling

1.12 Wat sal Unique BK se maandelikse premie wees as die versekerde bedrag R850 000 is teen 'n tarief van 30c per R100?

A. 2 550c
B. 255c
C. R2 550
D. R255

1.13 **Toleransiegrens** beteken __________ .

A. aanvaarbare afwykings van voorgeskrewe standaarde
B. betroubare inspeksiemetodes
C. die aantal inspeksiepunte in 'n fabriek
D. die aantal inspeksies per inspeksiepunt

1.8 A form of marketing communication that is communicated in an impersonal way by means of a public offering to consumers in general.

A. Publicity
B. Personal sales
C. Advertising
D. Sales promotion

1.9 Which of the following describes the term **oligopoly**?

A. Only one manufacturer sells the product.
B. There is no demand for the product.
C. A few sellers of the product dominate the market.
D. Two or more enterprises amalgamated.

1.10 The assets of Grootfontein Limited are insured against the risk of fire with Sumsare Insurers for R3 million. A fire causes damage of R800 000. The insurance assessor finds that at the time of the fire, the assets were valued R3,8 million. For which amount of the damage will Grootfontein Limited **not** be paid out?

A. R168 421,05
B. R800 000
C. R631 578,95
D. R3 000 000

1.11 Unique Products CC have comprehensively (against all risks) insured their assets with Sumsare Insurers. To which principle of insurance does this insurance apply?

A. Good faith
B. Indemnification
C. Insurable interest
D. Security

1.12 What will the monthly premium of Unique CC be, if the insured amount is R850 000 with a tariff of 30c per R100?

A. 2 550c
B. 255c
C. R2 550
D. R255

1.13 **Tolerance** means ___________________ .

A. acceptable deviations from the prescribed standards.
B. reliable inspection methods.
C. the number of inspection points in a factory.
D. the number of inspections at each inspection point.

1.14 Grootfontein Beperk bou groot opgaar- en besproeiingsdamme op kontrakbasis vir die Departement van Waterwese, soos bv. Gariepdam in die Oranjerivier. Watter produksiestelsel word hier gebruik?

A. Stukproduksie
B. Massaproduksie
C. Funksionele produksie
D. Ononderbroke produksie

1.15 Wanneer Grootfontein Beperk hul primêre produksiekoste vir die bou van 'n dam bereken, moet die volgende kostekomponente ingesluit word:

A. Indirekte grondstofkoste en direkte arbeidskoste
B. Direkte grondstofkoste en bokoste
C. Veranderlike oorhoofse koste en indirekte arbeidskoste
D. Direkte arbeidskoste en direkte grondstofkoste

1.16 Unique Produkte BK maak van 'n rekenaar gebruik om hul administrasie te behartig. Watter een v/d volgende is **nie** 'n voorbeeld van inligtingsverwerking **nie**?

A. Gehaltebeheer
B. Dataverwerking
C. Reproduksie
D. Rekordhouding

1.17 Watter **een** van die volgende bestuursposte by Grootfontein Beperk is die meeste betrokke by beplanning as bestuurselement?

A. Produksiebestuurder
B. Voorraadstoorbestuurder
C. Besturende Direkteur
D. Voorman van die onderhoudswerkswinkel

1.18 Grootfontein Beperk se hoofdoelstelling of belangrikste taak is die bou van damme. Dit is die _____________ van hierdie onderneming.

A. missie
B. strategie
C. beleid
D. doelwit

1.19 Grootfontein Beperk maak gebruik van die funksionele organisasiestruktuur. Dit is egter van tyd tot tyd nodig om van 'n bykomende eenheid gebruik te maak. Dit behels 'n poel van personeelspesialiste wat deur enige bestuurder aangewend kan word. Hierdie bykomende eenheid is die _______________organisasie om 'n spesifieke taakstruktuur af te handel.

A. lyn-
B. projek-
C. matriks-
D. lyn- en staf-

1.14 Grootfontein Limited builds large storage and irrigation dams on a contract basis for the Department of Water Affairs, e.g. the Gariep Dam in the Orange River. Which production system is used?

A. Jobbing
B. Mass production
C. Functional production
D. Continuous production

1.15 When Grootfontein Limited calculate their primary production costs for building a dam, they will include the following cost components:

A. Indirect raw material costs and direct labour costs
B. Direct raw material costs and overheads
C. Variable overhead costs and indirect labour costs
D. Direct labour costs and direct raw material costs

1.16 Unique Products CC uses a computer for their administration. Which one of the following is **not** an example of information processing?

A. Quality control
B. Data processing
C. Reproduction
D. Recordkeeping

1.17 Which **one** of the following management posts at Grootfontein Limited is the most involved in planning as an element of management?

A. Production manager
B. Storehouse manager
C. Managing director
D. Foreman of the repair workshop

1.18 The basic function or task of Grootfontein Limited is the building of dams. This is the ____________ of this undertaking.

A. mission
B. strategy
C. policy
D. objective

1.19 Grootfontein Limited uses the functional organisation structure. From time to time it is necessary to incorporate an extra organisation unit. This unit includes a pool of staff specialists that can be used by any manager. This extra organisation structure is the ______________organisation to complete a specific task structure.

A. line
B. project
C. matrix
D. line and staff

1.20 Die bestuur van Grootfontein Beperk maak gebruik van verskeie regeringsinstellings om behulpsaam te wees met die lewering van 'n hoë standaard van werk, asook die gebruik van goeie materiaal. Watter een van die volgende instellings kan die bestuur behulpsaam wees met die opstel van spesifikasies en gebruikskodes?

A. Sakekamers
B. Suid-Afrikaanse Reserwebank
C. Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
D. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

20 x 3 elk = **(60)**

Dui aan of elk van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf jou keuse teenoor die vraagnommer in jou antwoordboek neer. Indien die stelling ONWAAR is, moet jy **slegs die onderstreepte gedeelte** verander en neerskryf om dit WAAR te maak.

*Voorbeeld:* *Die maksimum ledetal van 'n <u>vennootskap</u> is 10.*
*Antwoord:* ONWAAR – *Beslote Korporasie*

1.21 Die lede van 'n Beslote Korporasie moet 'n <u>Stigtingsverklaring</u> voltooi om die onderneming te registreer.

1.22 'n Ferrari sportmotor is 'n voorbeeld van <u>geriefsgoedere</u>.

1.23 Die aard van die <u>vraag</u> is een van die faktore wat prysbepaling beïnvloed.

1.24 Die <u>solvabiliteitsverhouding</u> dui op die verhouding tussen eie en geleende kapitaal.

1.25 Die kosprys van verkoopte goedere in 'n vasgestelde periode, gedeel deur die gemiddelde voorraad teen kosprys vir dieselfde periode, is die <u>rentabiliteit</u> van die voorraad.

1.26 <u>Remediërende</u> instandhouding van fabrieksmasjiene beteken dat herstelwerk geskied sodra die defek waargeneem word.

1.27 Een van die nadele van <u>gesentraliseerde</u> administrasie, is dat die werksprosesse nie altyd voordelig aangewend word nie.

1.28 Die middelvlak bestuur is meestal betrokke by <u>beheer</u> as 'n bestuurselement.

1.29 <u>Spanwydte van leiding</u> het betrekking op die aantal werkers oor wie 'n toesighouer beheer moet uitoefen.

1.30 Die Korporasie vir Openbare Deposito's behartig die bestuur van <u>korttermyn</u> beleggings (termyn korter as 12 maande) namens die hele openbare sektor.

10 x 2 elk = **(20)**

1.20 The management of Grootfontein Limited uses different governmental (state) institutions to help them deliver a high quality of work, as well as in the use of good material. Which one of the following institutions can help management to compile specifications and codes of practice?

A. Chambers of Commerce
B. South African Reserve Bank
C. South African Bureau of Standards
D. Council for Scientific and Industrial Research

20 x 3 each = **(60)**

Indicate whether each of the following statements is TRUE or FALSE. Write down your choice next to the question number in your answer book. If the statement is FALSE, change and write down **only the underlined part** to make it TRUE.

*Example:* *The maximum membership of a partnership is 10.*
*Answer:* FALSE – *Close Corporation*

1.21 The members of a Close Corporation must draw up a founding statement to register the undertaking.

1.22 A Ferrari sports car is an example of convenience goods.

1.23 The nature of the demand is one of the factors that influences price determination.

1.24 Gearing means a ratio between own capital and borrowed capital.

1.25 The cost price of goods sold in a fixed period, divided by the average quantity in stock at cost price for the same period, is the profitability of the goods.

1.26 Remedial maintenance of factory machinery means that repair work is done only when equipment breaks down.

1.27 One of the disadvantages of centralisation in administration is that work procedures cannot always be used to best advantage.

1.28 Middle management is mostly concerned with control as an element of management.

1.29 The range of control has to do with the number of workers under the authority of a supervisor.

1.30 The Corporation for Public Deposits manages short-term deposits (terms shorter than 12 months) for the whole of the public sector.

10 x 2 each = **(20)**

Kies EEN term uit die onderstaande blok om by elk van die volgende stellings te pas. Skryf die antwoord teenoor die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

| |
|---|
| Rentabiliteit; Aandele; Metodestudie; Konsessie/Franchise; Diefstalversekering; Kommunikasie; Obligasies/skuldbriewe; Reserwebank; Likiditeit; Getrouheidswaarborg; Lyn- en Stafstruktuur; Landbank; Statuut; Motivering; Statistiek |

1.31 Die huishoudelike reëls vir die bestuur van interne sake van die maatskappy

1.32 Dit vorm deel van die geleende kapitaal van ’n publieke maatskappy

1.33 Die stigter van ’n besigheid verkoop sy/haar “suksesresep” aan ander entrepreneurs om die besigheid volgens voorgeskrewe reëls te bedryf

1.34 Die beskikbaarheid van kontant om lopende uitgawes te bedryf

1.35 ’n Polis wat die werkgewer teen verliese as gevolg van oneerlike dade van werknemers beskerm.

1.36 ’n Wetenskaplike ontleding van die bestaande werkverrigtinge in ’n fabriek met die doel om beter werksmetodes te vind

1.37 Samevoeging en ontleding van marktendense in die vorm van getalle, syfers en grafieke

1.38 ’n Organisasiestruktuur waar adviseurs/konsultante die top en middelvlakbestuur teen betaling van advies bedien

1.39 Die oordrag en ontvangs van idees in ’n onderneming om die besigheid se sukses te verseker

1.40 Die instansie in Suid-Afrika wat die alleenreg het om banknote uit te reik

10 x 2 elk = **(20)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [100]**

Select ONE term from the block below to fit each of the following statements. Write the answer next to the question number in your answer book.

| |
| --- |
| Profitability; Shares; Method study; Concession/Franchise; Theft insurance; Communication; Debentures; Reserve Bank; Liquidity; Fidelity insurance; Line and staff structure; Land Bank; Articles of Association; Motivation; Statistics |

1.31 The in-house rules for the managing of the internal affairs of a company

1.32 This forms part of the borrowed money of a public company

1.33 The founder of a business sells his/her recipe for success to other entrepreneurs to do business according to fixed rules

1.34 The availability of cash to pay current expenses

1.35 A policy that protects the employer against losses due to deeds of dishonesty by employees

1.36 A scientific analysis of all the existing work activities in a factory in an attempt to find better work methods

1.37 Collection and analysis of market trends in the form of numbers, figures and graphs

1.38 An organisation structure where advisors/ consultants advise the top and middle level management for payment

1.39 The transfer and receipt of ideas in a business to ensure the success of the undertaking

1.40 The institution in South Africa that has the sole right to issue banknotes

10 x 2 each = **(20)**

**TOTAL FOR SECTION A: [100]**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 2

P & K Kekana en Seuns bedryf 'n paneelklopbesigheid. Een van die ses mede-eienaars het gesterf, wat beteken dat hul onderneming moes ontbind. Die oorblywende eienaars het besef dat hul oorspronklike ondernemingsvorm te veel probleme skep. Hulle besluit toe om 'n nuwe ondernemingsvorm, genaamd P & K Kekana Paneelkloppers (Edms.) Beperk te stig.

Hoe verskil die nuwe ondernemingsvorm van die bestaande ondernemingsvorm? Wat is volgens jou opinie, die voordele om oor te skakel na die nuwe vorm? Verwys na die dokumente wat benodig word om die nuwe ondernemingsvorm te registreer.

**[50]**

### VRAAG 3

Unique Produkte BK vervaardig skoonheidsmiddels vir mans en dames. Hierdie produkte word op die direkte wyse bemark. Geen reklame word gemaak nie en die onderneming het ook nie 'n geregistreerde handelsmerk nie. Die bestuur het bevind dat hul wins die afgelope jaar drasties afgeneem het.
Die bestuur het jou, as bemarkingskonsultant genader om die moontlike redes vir die winsdaling te ondersoek. Jy moet aan hulle verslag doen en raad gee oor moontlike veranderings om die probleem op te los.

In jou ondersoek vind jy die volgende:

Die bestuur moet die verkoopsmetode wysig. Die registrasie van 'n handelsmerk moet aandag geniet en meer aandag moet gegee word aan verpakkingsvereistes, doelstellings in prysbepaling en advertensiekontrakteurs.

Stel jou verslag aan die bestuur op na aanleiding van bogenoemde.

**[50]**

## SECTION B

Answer any TWO questions from this section.

### QUESTION 2

P & K Kekana and Sons own a panel-beating business. One of the six co-owners has died which means that their undertaking must be dissolved. The remaining owners realise that there are too many problems involved in the original form of ownership. They decide to establish a new form of ownership, viz. P & K Kekana Panel Beaters (Pty) Limited.

How does the new form of ownership differ from the existing form? What, in your opinion, were the benefits of changing over to this new form? Outline the documentation involved in the registration of such an undertaking. **[50]**

### QUESTION 3

Unique Products CC manufactures cosmetics for men and women. These products are sold by the direct selling method. No advertising is used and there is no registered trade mark. The management found that there has been a drastic decline in profits for the past year.
The management team asked you, as a marketing consultant, to investigate the possible reasons for the decline in profits. You must report to them and give advice on possible changes to solve the problem.

In your investigation you find the following:

Management should consider changing the selling method, the registration of the trade mark, as well as close attention to packaging requirements, objectives in price determination and the possible use of advertising practitioners.

Draft your report according to the above-mentioned. **[50]**

## VRAAG 4

Die volgende aanhaling het onlangs in 'n finansiële tydskrif verskyn:

**A** "Kredietverlening is 'n belangrike aspek in 'n onderneming."

**B** "Voorraadhouding is 'n belangrike aspek in die uiteindelike sukses van die meeste ondernemings."

Bespreek Aanhaling A en die voordele van Aanhaling B.

**[50]**

## VRAAG 5

Beplanning, organisasie, leiding, beheer en besluitneming is belangriker as die ander elemente, om die onderneming suksesvol en winsgewend te bedryf. Jy stem nie saam nie. Toon aan hoe die ander, ewe belangrike elemente, interafhanklik en ondersteunend aan bogenoemde is.

**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [100]**

# AFDELING C

Beantwoord enige VIER vrae uit hierdie afdeling.

## VRAAG 6
## ONDERNEMINGSVORME

6.1 Cathy Khumalo is die alleeneienaar van Khumalo Wegneemetes. Noem VYF nadele verbonde aan hierdie ondernemingsvorm in volsinne. (10)

6.2 Noem VYF verskille tussen private maatskappye en vennootskappe. (10)

6.3 Grootfontein Beperk se promotors moes sekere bepalings van die Maatskappywet nakom toe die Akte van Oprigting opgestel is. Een van hierdie bepalings het te doen met die naam van die onderneming. Noem VYF vereistes wat deur die bogenoemde Wet gestel word met betrekking tot die naam van hierdie onderneming. (10)

6.4 Noem VYF kenmerke van 'n ondernemingsvorm soos Unique Produkte BK. (10)

6.5 Bespreek die term: Minimum inskrywing. (10)

**[50]**

## QUESTION 4

The following quotations were recently published in a financial magazine:

**A** “Granting of credit is an important issue, in an enterprise.”

**B** “Stockkeeping is an important aspect in the ultimate success of most enterprises.”

Discuss Quotation A as well as the advantages of Quotation B.

**[50]**

## QUESTION 5

Planning, organisation, activating (leading), control and decision-making are considered to be more important than the other elements. You disagree. Show how other, equally important elements, are interrelated, and support those elements mentioned above.

**[50]**

**TOTAL FOR SECTION B: [100]**

# SECTION C

Answer any FOUR questions in this section.

## QUESTION 6
## FORMS OF OWNERSHIP

6.1 Cathy Khumalo is the sole owner of Khumalo Takeaway Foods. List, in full sentences, FIVE disadvantages of this form of ownership. (10)

6.2 Tabulate FIVE differences between private companies and partnerships. (10)

6.3 The promoters of Grootfontein Limited had to comply with certain provisions of the Companies Act when the Memorandum of Association was compiled. One of these provisions concerns the name of the undertaking. List FIVE requirements of the above-mentioned Act regarding the name of this enterprise. (10)

6.4 Name FIVE characteristics of a form of ownership like Unique Products CC. (10)

6.5 Discuss the term: Minimum subscription. (10)

**[50]**

## VRAAG 7
## BEMARKINGSFUNKSIE

7.1 Unique Produkte BK ontwerp gereeld nuwe produkte om produkte waarvan die lewensiklus verby is, te vervang. Noem SES stappe wat gevolg moet word. (6)

7.2 Verduidelik kortliks hoe die volgende faktore prysbepaling sal beïnvloed:

7.2.1 Normale handelspraktyke
7.2.2 Verbruikersoptrede
7.2.3 Produksie- en verspreidingskoste
7.2.4 Beskikbaarheid van substituutprodukte (8)

7.3 Verduidelik die verkoopagent as 'n tipe agent in die verspreidingsproses. (10)

7.4 Unique Produkte BK oorweeg dit om in die toekoms van groot- en kleinhandelaars gebruik te maak vir die verspreiding van hul produkte maar, die bestuur wil egter beheer uitoefen oor hierdie tussenpersone. Noem en verduidelik DRIE beheermetodes. (12)

7.5 Noem DRIE doelstellings met betrekking tot reklame. (6)

7.6 Verduidelik die **keuse van advertensiemedia** as een van die stappe in die beplanning van 'n reklameveldtog. (10)
**[50]**

## VRAAG 8
## FINANSIËLE FUNKSIE

8.1 Een van die pligte van die finansiële bestuurder is om die toekomstige kort- en langtermyn kapitaalbehoeftes van 'n onderneming te bepaal en te bestuur. Onderskei tussen die TWEE verskillende tipes begrotings wat hiervoor opgestel moet word. (10)

8.2 Daar is verskeie faktore wat bedryfskapitaalbehoeftes kan bepaal. Verduidelik die volgende faktore:

8.2.1 Omsetsnelheid van vervaardigde goedere
8.2.2 Koop- en verkoopsvoorwaardes (8)

8.3 "In enige onderneming moet beskikbare kapitaal ekonomies aangewend word." Onderskei tussen oor- en onderkapitalisasie. (12)

8.4 Jy is die kredietbestuurder van Unique Produkte BK. Die kredietbeleid van die onderneming behels onder andere dat die kredietwaardigheid van aspirant kredietkopers eers deeglik ondersoek moet word voordat krediet verleen word. Noem SES inligtingsbronne wat tot jou beskikking is. (6)

## QUESTION 7
## MARKETING FUNCTION

7.1 Unique Products CC design new products on a regular basis to replace the products of which the life cycle is over. State SIX steps which they must follow. (6)

7.2 Briefly explain how the following factors influence price determination:

7.2.1 Normal trade practices
7.2.2 Consumer behaviour
7.2.3 Production and distribution costs
7.2.4 Availability of substitute goods (8)

7.3 Explain the selling agent as a type of agent in the distribution process. (10)

7.4 Unique Products CC is considering using wholesalers and retailers for the distribution of its products, but management wants to exercise control over these intermediaries. Name and explain THREE methods of control. (12)

7.5 Name THREE aims of advertising. (6)

7.6 Explain the **choice of advertising media** as one of the steps in the planning of the advertising campaign. (8)
**[50]**

## QUESTION 8
## FINANCIAL FUNCTION

8.1 One of the duties of a financial manager is to determine and control the future short- and long-term capital needs of undertaking. Distinguish between the TWO types of budgets that must be drawn up. (10)

8.2 There are various factors that could determine operating capital needs. Explain the following factors:

8.2.1 Rate of turnover of manufactured goods
8.2.2 Buying and selling terms (8)

8.3 "In any enterprise there must be an optimum use of capital." Distinguish between over- and under-capitalisation. (12)

8.4 You are the credit controller of Unique Products CC. The credit policy of the undertaking includes among other things, that the financial status of a prospective credit buyer (debtor) must be thoroughly investigated before credit is granted. Name SIX sources of information at your disposal. (6)

8.5 Die finansiële bestuurder van Unique Produkte BK moet maandeliks aan die res van die belanghebbendes verslag doen oor die kontantvloeisituasie van die onderneming. Hiervoor moet daar likiditeitsanalises opgestel word. Gebruik die volgende inligting en stel TWEE tipes analises ter voorbereiding van die verslag vir Julie 2004 saam. Lewer ook kommentaar by elk.

| | |
|---|---|
| Voorraad | R31 700 |
| Debiteure | 15 400 |
| Krediteure | 14 600 |
| Kontant voorhande | 3 800 |
| Bankoortrekking | 12 300 |

(14)
**[50]**

## VRAAG 9
## PRODUKSIEFUNKSIE

9.1 Unique Produkte BK vervaardig hul produkte op grootskaal deur van 'n ononderbroke produksiestelsel gebruik te maak. Noem VYF voordele van hierdie produksiestelsel. (10)

9.2 Reeds in die beplanningstadium van die fabriek, het die bestuur van Unique Produkte BK deeglik aandag gegee aan die korrekte fabriekuitleg. Noem VYF voordele wat dit vir hierdie onderneming kan inhou. (10)

9.3 "Alle vervaardigers het 'n besondere belang by die vervaardigingskoste van die onderskeie produkte wat in die fabriek vervaardig word. Daarom word daar gebruik gemaak van kosteberekeningstelsels om aan die bestuur die nodige inligting te verskaf." Skryf verklarende aantekeninge waarin jy die belangrikheid van produkkoste vir die fabrikant (vervaardiger) uiteensit. (10)

9.4 Bestudeer die volgende verkorte produksiekostestaat van Unique Produkte BK en beantwoord die daaropvolgende vrae deur slegs die letter van die korrekte antwoord teenoor die vraagnommer in jou antwoordboek neer te skryf.

VERKORTE PRODUKSIEKOSTESTAAT VAN UNIQUE PRODUKTE BK VIR DIE MAAND GEËINDIG 31 MEI 2004

| | |
|---|---|
| Grondstofvoorraad soos op 1 Mei | R9 000 |
| Grondstofaankope, plus vraggeld | 39 000 |
| Grondstofvoorraad soos op 31 Mei | 8 000 |
| | |
| Lone vir fabriekswerkers | R12 000 |
| Fabriekshuur | 2 200 |
| Waardevermindering op masjiene | 940 |
| Versekeringspremies | 560 |
| Brandstof | 700 |
| Lone vir sekuriteitswagte, skoonmakers, ens. | 3 500 |
| Telefoon en faks | 1 150 |
| Water en elektrisiteit | 1 150 |

**TOTALE PRODUKSIEKOSTE VIR 1 244 EENHEDE: R62 200**

b.o.

8.5 The financial manager of Unique Products CC must report on a monthly basis to the rest of the stakeholders on the cashflow situation of the undertaking. He therefore has to compile liquidity analyses. Use the following information and compile TWO kinds of analyses in preparation for your report for July 2004. Also supply the necessary comments with each.

| | |
|---|---|
| Stock | R31 700 |
| Debtors | 15 400 |
| Creditors | 14 600 |
| Cash | 3 800 |
| Bank overdraft | 12 300 |

(14)
**[50]**

**QUESTION 9**
**PRODUCTION FUNCTION**

9.1 Unique Products CC produces its goods on a large scale by using the continuous production system. List FIVE advantages of this production system. (10)

9.2 Already at the planning stage of its factory, Unique Products CC had given attention to the correct factory layout. List FIVE advantages of this for the enterprise. (10)

9.3 "All manufacturers have considerable interest in the manufacturing cost of the different products that are manufactured in the factory. This is why they use cost accounting systems to supply the management with the necessary information." Write explanatory notes on the importance of product cost to the manufacturer. (10)

9.4 Study the following abridged production cost statement of Unique Products CC and answer the questions that follow by writing down only the letter of the correct answer next to the question number in your answer book.

ABRIDGED PRODUCTION COST STATEMENT OF UNIQUE PRODUCTS CC FOR THE MONTH ENDING 31 MAY 2004

| | |
|---|---|
| Initial raw material stock on 1 May | R9 000 |
| Raw material purchases, plus carriage | 39 000 |
| Final raw material stock as at 31 May | 8 000 |
| | |
| Wages for factory workers | R12 000 |
| Rent of factory | 2 200 |
| Depreciation on machinery | 940 |
| Insurance premiums | 560 |
| Petrol | 700 |
| | |
| Wages for security guards, cleaners, etc. | 3 500 |
| Telephone and fax | 1 150 |
| Water and electricity | 1 150 |

**TOTAL PRODUCTION COSTS FOR 1 244 UNITS: R62 200**

9.4.1 Wat was die waarde van die grondstof wat vir die tydperk gebruik is?

A. R48 000
B. R40 000
C. R56 000
D. R17 000 (4)

9.4.2 Die vaste bokoste vir die tydperk was __________ .

A. R7 200
B. R10 200
C. R56 000
D. R7 900 (4)

9.4.3 Wat was die primêre produksiekoste vir hierdie tydperk?

A. R60 000
B. R48 000
C. R52 000
D. R41 000 (4)

9.4.4 Wat was die totale bokoste per eenheid?

A. R5,79
B. R2,41
C. R6,38
D. R8,20 (6)

9.4.5 Die vergoeding wat aan die _____________ uitbetaal is, word gereken as indirekte arbeidskoste.

A. produksiepersoneel
B. sekuriteitswagte, skoonmakers, ens.
C. masjienoperateurs
D. fabriekswerkers (2)

**[50]**

## VRAAG 10
## FUNKSIE VAN ALGEMENE BESTUUR

10.1 Die algemene bestuurder van Grootfontein Beperk tree aan die einde van die jaar af. Die direksie gee aan die personeelbestuurder opdrag om die vakante pos in nuusblaaie te adverteer, met vermelding van die vereistes/eienskappe waaraan voornemende aansoekers moet voldoen. Noem VYF van hierdie vereistes/eienskappe. (10)

10.2 Daar is verskeie begrippe wat 'n deurslaggewende rol speel in die formulering van ondernemingsbeleid. Noem en verduidelik kortliks enige TWEE begrippe. (8)

9.4.1 What was the value of the raw materials used during this period?

A. R48 000
B. R40 000
C. R56 000
D. R17 000 (4)

9.4.2 The fixed overhead costs for this period were __________ .

A. R7 200
B. R10 200
C. R56 000
D. R7 900 (4)

9.4.3 What were the primary production costs for this period?

A. R60 000
B. R48 000
C. R52 000
D. R41 000 (4)

9.4.4 What was the total overhead cost per unit?

A. R5,79
B. R2,41
C. R6,38
D. R8,20 (6)

9.4.5 The remuneration that is paid to the _____________ forms part of the <u>indirect</u> labour costs.

A. production personnel
B. security guards, cleaners, etc.
C. machine operators
D. factory workers (2)

**[50]**

## QUESTION 10
## FUNCTION OF GENERAL MANAGEMENT

10.1 The general manager of Grootfontein Limited retires at the end of the year. The board of directors instructs the personnel manager to advertise this vacant post in newspapers stating the requirements/characteristics with which applicants should comply. Name FIVE of these requirements/characteristics. (10)

10.2 Various concepts play a decisive role in the formulation of the business policy. Name and briefly discuss any TWO concepts. (8)

10.3 Tydens die beplanningsaksie van Grootfontein Beperk se direkteure, moes hulle gehoor gee aan sekere beginsels/vereistes om te verseker dat hul beplanning effektief is. Noem SES van hierdie beginsels/vereistes. (12)

10.4 Noem die volgende in verband met die funksionele organisasiestruktuur:

10.4.1 TWEE voordele (4)
10.4.2 DRIE nadele (6)

10.5 Verwys na die DRIE verskillende bestuursvlakke en beantwoord die volgende vrae:

10.5.1 Watter bestuursvlak neem strategiese besluite?
10.5.2 Op watter bestuursvlak funksioneer voormanne/toesighouers?
10.5.3 Op watter bestuursvlak van 'n onderneming funksioneer die personeelbestuurder?
10.5.4 Wat is die beplanningstermyn van afdelingshoofde, soos byvoorbeeld die bemarkingsbestuurder?
10.5.5 Gee EEN voorbeeld van 'n persoon in 'n gesagsposisie wat bedryfsbestuursbesluite op die korttermyn neem.

(5x2 elk) = (10)
**[50]**

## VRAAG 11
## ADMINISTRATIEWE FUNKSIE, DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING EN VERSEKERING

11.1 Grootfontein Beperk se direksie moes besluit om hul administratiewe aktiwiteit te sentraliseer of te desentraliseer. Noem SES faktore wat hulle teen mekaar moes opweeg om tot 'n finale besluit te kom. (12)

11.2 Cathy Khumalo is 'n lid van die Randburgse Sakekamer. Noem VIER dienste wat hierdie organisasie aan Cathy en haar medelede kan bied. (8)

11.3 Grootfontein Beperk is 'n genoteerde maatskappy op die JSE Sekuriteite Beurs. Noem VIER dienste/funksies/voordele wat die Beurs aan Grootfontein se aandeelhouers/beleggers bied. (8)

11.4 Omskryf kortliks die volgende versekeringsbegrippe:
11.4.1 Sedering
11.4.2 Subrogasie
11.4.3 Herversekering
11.4.4 Versekerbare belang (4 x 4 elk) = (16)

11.5 Noem enige DRIE faktore wat 'n invloed kan hê op die bepaling van die premie by brandversekering. (6)
**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [200]**

**TOTAAL: 400**

**EINDE**

10.3 During the planning action of the directors of Grootfontein Limited, they must adhere to certain concepts/requirements to ensure that their planning is effective. List SIX of these concepts/requirements. (12)

10.4 Give the following in connection with the functional organisation structure:

10.4.1 TWO advantages (4)
10.4.2 THREE disadvantages (6)

10.5 Refer to the THREE different levels of management and answer the following questions:

10.5.1 Which management level takes strategic decisions?
10.5.2 At which management level do the foremen/supervisors operate?
10.5.3 At which management level does the personnel manager of an enterprise function?
10.5.4 What is the term of planning of heads of departments, e.g. the marketing manager called?
10.5.5 Give ONE example of a person in a position of authority who takes short-term operational management decisions. 5x2= (10)

**[50]**

**QUESTION 11**
**ADMINISTRATIVE FUNCTION, THE ENTERPRISE AND ITS ENVIRONMENT AND INSURANCE**

11.1 The directors of Grootfontein Limited have to decide on centralisation or decentralisation of their administrative activities. Name SIX factors that they have to consider before arriving at a final decision. (12)

11.2 Cathy Khumalo is a member of the Chamber of Commerce in Randburg. List FOUR services/ functions / advantages that this organisation can provide for Cathy and her fellow members. (8)

11.3 Grootfontein Limited is a listed company on the JSE Securities Exchange. List FOUR services/ functions/ advantages that this Exchange offers to the shareholders/investors of Grootfontein Limited. (8)

11.4 Briefly discuss the following insurance concepts:
11.4.1 Cession
11.4.2 Subrogation
11.4.3 Reinsurance
11.4.4 Insurable interest 4x4= (16)

11.5 Name any THREE factors that can influence the determination of the premium for fire insurance. (6)

**[50]**

**TOTAL FOR SECTION C: [200]**

**TOTAL: 400**

**END**